# REDAKSIONEEL

## 1. Algemeen

Die Redaksie is bly om te kan meld dat die twee uitgawes van HISTORIA wat oor die verhouding van geskiedenis tot sy buurwetenskappe handel goed deur historici, onderwysers en die histories-geïnteresseerde publiek ontvang is. Die Septemberuitgawe 1983 word aan aangebode artikels gewy. Beperkte ruimte en drukkoste het enkele stukke wat lank al op publikasie wag in die slag laat bly, maar hulle sal in 1984 gedruk word. Ons hoop om in Mei 1984 'n uitgawe uit te bring met die reaksie van ons buurwetenskappe op wat ons as historici vanuit ôns standpunt oor hulle te sê gehad het. Die Redaksie het reeds ook uitnodigings aan geskiedkundiges gerig om mee te werk aan 'n uitgawe wat aan die historiografie gewy sal word, waaraan daar behoefte bestaan. Dit behoort ook in 1984 uitgegee te word. Daarna sal temas van ander brandende belang behandel word. Bydraes van die kant van ons lesers is baie welkom.

## 2. Besoek van prof Arthur Erwin Imhof van die Vrye Universiteit van Berlyn, April-Mei 1983

Ten einde die nuwe rigtings in die historiografie van die Weste prakties te demonstreer, het die Hoofredakteur wat in 1980 op 'n studiebesoek aan Europa was, prof A E Imhof van die Friedrich Meinecke-instituut wat hy in Berlyn ontmoet het, by sy terugkeer uitgenooi om aan die Universiteit van Pretoria voorlesings en seminare aan te bied op die terrein van die sosiale, mediese en demografiese geskiedenis, waarby hoofsaaklik van die rekenaar volgens die beginsels van die Franse Annalesskool gebruik gemaak word. Die Universiteit van Suid-Afrika, die Randse Afrikaanse Universiteit en die Universiteite van Stellenbosch en Kaapstad het saamgewerk en hom voor studente en dosente laat optree. Aan UP was daar goeie interdissiplinêre bywoning van seminare deur dosente en studente uit Geskiedenis, Kultuurgeskiedenis, Sosiologie, Staatsleer, Volkekunde, Ekonomie en die Fakulteit Geneeskunde. Imhof, 'n baie hoflike en beskeie historikus van wêreldnaam, het uitgeblink met die oopdekking van nuwe rigtings wat hy met rekenaarskyfies gedemonstreer het. Dit het om die mens in sy arbeid, die bewegings van platteland na stad, gesondheid, mortaliteit, liefde en nood, peste, plae en oorloë, kindersterftes en mentaliteit, d w s geestesklimaat en lewens- en wêreldbeskouing, gehandel.

Daardeur kon gesien word hoe die klem van die individu na die groep en anonieme massas van klein mensies, die alledaagse deursneemens in sy daaglikse bestaan van ete, drinke, sorge, arbeid, siekte en dood verskuif het. Ook die vertolking van stapeltjies syfers, grafieke en figure is geskiedenis wat egter uit die geskrewe dokument aangevul moet word. Die materiaal is kerkregisters, sensusverslae en lyste van geboortes en dood oor lang tydperke, wat by ons historici nog feitlik onontgonne gebly het. Dit het ons laat voel dat die Suid-Afrikaanse historikus nog nie by die werklike lewe van die mens in sy totaliteit uitgekom het nie en dat familiegeskiedenis, demografiese bewegings, mentaliteitsveranderinge en die geskiedenis van geboorte, siekte en dood — die mikrogeskiedenis — verwaarloos is. Ook by ons is 'n verskuiwing van die politiek en die makrogeskiedenis nodig, wat ons 'n beter begrip van samelewingsgeskiedenis en tegelyk 'n mensliker geskiedenis sal gee. Daar bestaan 'n behoefte om studente na Berlyn of ander Europese universiteite te stuur om die nuwe soort geskiedenis prakties te gaan leer en beoefen, wat 'n bevrugtende uitwerking op ons toekomstige historiografiese bedryf kan hê. Prof Imhof se besoek het bevrugtend ingewerk, en was omgekeerd, ook vir hom 'n geestelike verryking.

**3. In memoriam: dr G D Scholtz, dr A Kieser en dr J J van Tonder**

Die Redaksie spreek sy leedwese uit by die afsterwe in 1983 van dr G D Scholtz, dr A Kieser en dr J J van Tonder. In lewe was dr Scholtz hoofredakteur van *Die Transvaler* en bekende historikus. Ook dr Kieser was historikus. As hoofargivaris het hy sy lewe gewy aan die bewaring van die RSA se dokumente-erfenis. Dr Van Tonder was stigterslid en 20 jaar lank voorsitter van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika. Die Genootskap se innige simpatie word betuig met die familie by die verlies van drie geesteswetenskaplikes wat elk op sy terrein baie vir die RSA en die historiese wetenskap beteken het. Kort bydraes oor drr Scholtz en Van Tonder se werk verskyn hierna.

*F A VAN JAARSVELD*
*Hoofredakteuur*